JOHANNES VAN DEN BERG, *Constrained by Jesus' Love. An Inquiry into the Motives of the missionary Awakening in Great Britain in the Period between* 1698 *and* 1815, J. H. Kok, N.V., Kampen, 1956.

Hierdie Kampense proefskrif is in vyf hoofstukke verdeel: 1. 'n Algemene oorsig oor die houding van die Kerkhervorming t.o.v. sending, asook die ontwikkeling in Holland, Duitsland en Engeland vanaf die Kerkhervorming tot 1700. 1689 is as begindatum van die studie gekies omdat dit die stigtingsdatum van die Society for the Promotion of Christian Knowledge (S.P.C.K.) is, een van die eerste tekens van 'n ontwaakte belangstelling in die sending. 2. Die periode vanaf die Puritanisme tot die opkoms van die Metodisme. 3. Metodisme, die „Great Awakening" in Engeland en die effekte daarvan op die sendingsgedagte. 4. Die groot deurbraak van die sendingsgedagte. 5. Menslike motiewe en die motiewe van God . . . 'n konfrontasie met die Skrif.

Die metode van werk in elke hoofstuk is om eers 'n historiese oorsig te gee en dan die motiewe wat in die periode te voorskyn tree, sistematies te behandel. Die laaste hoofstuk is hoofsaaklik 'n sistematiese studie waarin die sendingsmotiewe wat in die historiese studie ontbloot is, aan die Skrif getoets word.

Sonder die minste twyfel is hierdie boek 'n deeglike stuk werk, waarvoor die skrywer homself baie moeite getroos het. Dit is ook 'n belangrike werk, omdat dit die belangrikste periode van die sendingsgeskiedenis in Engeland dek, terwyl juis die Engelse ontwaking op hierdie terrein (hoewel dit sterk vanuit veral Duitsland gestimuleer is) miskien meer invloed op die ontwikkelings van sendingwerk en die sendinggedagte gehad het as enige ander land se aktiviteite.

Ook vir die Suid-Afrikaanse student lewer die werk besonder belangrike materiaal. Ons geskiedenis is in 'n belangrike mate tot op die huidige tydstip deur die aktiviteite van Engelse sendelinge beïnvloed. Die werk van juis hierdie sendelinge kry die noodsaaklike agtergrond deur

hierdie proefskrif, hoewel die skrywer nêrens eksplisiet na Suid-Afrika verwys nie. Die feit dat die Metodisme direk of indirek in 'n groot mate agter die Britse sendingsbewegings lê, blyk duidelik uit hierdie studie. Met die afkeer wat die Ned. Herv. Kerk deur al die jare heen in die Metodisme gehad het, word dit moontlik om hier die historiese agtergrond van die wantroue wat by baie van ons mense teen sending en sendelinge bestaan, in perspektief te sien.

'n Mens kan verstaan dat 'n studie wat so 'n omvangryke veld dek, nie alle moontlike detail kan insluit nie. Ons wil hier egter op die volgende wys: Op bls. 145 v., asook noot 227, beweer die skrywer dat dit eers later in die 19de eeu, by name in die Victoriaanse tydperk, voorkom dat die sendelinge die beskerming van die Britse regering en die dekking deur die vleuels van die Britse Ryk soek. Suid-Afrika het egter die ervaring gehad dat dit hier veel eerder gebeur het, veral met die optrede van die sendelinge van die London Missionary Society aan die begin van die 19de eeu. Wanneer 'n mens Van den Berg se uiteensetting van die geskiedenis en motiewe van die L.M.S. lees, kry jy ook 'n baie beter insae in hulle optrede hier te lande.

Ek wil hierdie boek baie sterk by ons lesers aanbeveel.

P. S. Dreyer.